Mediakonferensie

Agt planne om steeds die skooljaar te red

2020/07/30

Ten spyte van hewige teenkanting en grondige bewyse dat dit nie in die beste belang van skole en leerders is nie, het president Ramaphosa op 23 Julie aangekondig dat openbare skole vanaf 27 Julie tot 24 Augustus 2020 weer sluit.

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) het die afgelope paar maande Suid-Afrikaanse onderwys op alle vlakke beskerm en ondersteun. Skole se regte om oop te maak is tot in die hof beveg, onderwysers is opgelei en Die Wolkskool het van krag tot krag gegaan.

Die SOS ondersteun steeds die verantwoordelike en veilige voortsetting van onderwys en het verder planne bekendgemaak om te verseker dat leerders die akademiese jaar sinvol voltooi:

1. **Die Wolkskool gratis tot einde 2020**
   Weens die druk op huishoudings en skole wat aangevuur is deur die Covid-19-pandemie, het die Solidariteit Beweging besluit om Die Wolkskool tot aan die einde van die jaar GRATIS beskikbaar te stel vir alle leerders en skole. Meer as 119 000 leerders baat reeds by die platform en ŉ verdere 1800 onderwysers gebruik Die Wolkskool as digitale platform om met leerders te kommunikeer, opdragte te laai en assesserings te doen.

2. **Leerbestuurplatform vir afstandonderrig**
   Grendelleer (lockdown learning) skep tans ‘n derde vorm van onderrig, naas fisiese skool met ingeskrewe leerders en kontakklasse aan die een kant en tuisonderrig aan die ander kant. Grendelleer, as vorm van afstandonderrig wat deur die skool gefassiliteer word, verhoed dat skole leerders verloor en motiveer ouers om steeds skoolgeld te betaal. Die Wolkskool ondersteun opvoeders om afstandleer saam met kontakonderrig aan die gang te hou. Tesame met die bestaande inhoud van meer as 4 000 videolesse, e-handleidings en assesserings, bied Die Wolkskool ŉ uitstekende platform om afstandonderrig te bestuur.

3. **Regstreekse Wiskunde-klasse vir graad 6, 8 en 9**
   Meeste Graad 6 en 9-leerders het onlangs of steeds glad nie na skole teruggekeer nie en het reeds heelwat skoolwerk verloor. Daarom saai Die Wolkskool vanaf 11 Augustus 2020 daagliks regstreekse Wiskunde-klasse vir Graad 6, 8 en 9 uit.

4. **Gestandaardiseerde eksamens**
   Dit is belangrik vir skole om te weet waar hulle leerders hul bevind op akademies gebied voordat hulle bevorder word na 'n volgende graad, asook waar leemtes bestaan wat aangespreek moet word. Met dié dat daar nie meer nasionale assesserings is nie, is daar nie meer 'n vergelykbare standaard waarop skole kan terugval nie. Die SOS bied die afgelope paar jaar reeds gestandaardiseerde eksamens aan en brei die aanbod vanjaar uit.

5. **Voorbereidende basislynassessering vir Graad 11**
   Matriekleerders lê jaarliks in Februarie/Maart 'n eksamen af om hul Wiskunde- en Taalvaardigheid te bepaal, met die oog op universiteitstoelating. Die SOS bied vanjaar 'n voorbereidende eksamen aan in samewerking met kundiges van Akademia en ander universiteite. Hierdie eksamen is in Afrikaans beskikbaar vir Graad 11's en die uitslag is onmiddellik beskikbaar. Hierdie vooraf-toets kan tekortkominge in leerders se Wiskunde- en Taalvaardigheid uitwys en hulle geleentheid bied om leemtes tydig aan te spreek voor die amptelike NBT-toelatingseksamen afgelê word.

6. **Vakkeuse-hulp aan graad 9's**
   Vakkeuse-hulp aan graad 9's is op 29 Julie 2020 in samewerking met Akademia tydens 'n webinaar aangebied. Daar is meer as 600 inskrywings ontvang vir die geleentheid. Die behoefte aan leiding met betrekking tot vakkeuses in graad 10, is veral groot omdat skole weer gesluit is enkele dae na graad 9's uiteindelik teruggekeer het skool toe. Graad 9-leerders maak gedurende Augustus vakkeuses, terwyl hulle vanjaar feitlik nog nie sedert Maart in die klas was nie.

7. **Aanlyn opleiding vir onderwysers**
   Die SOS bied verskeie gratis webinare aan om onderwysers toe te rus met kennis en vaardighede wat die nuwe skoolomgewing van hulle vereis.

   Die volgende webinare word beplan:

   - Vrouewebinaar op 13 Augustus 2020
   - Leierskapwebinaar op 20 Augustus 2020
   - Optimaliseer Wolkskool in jou skool op 17 Augustus 2020
   - SOS-virtuele kongres op 24 September 2020 (Erfenisdag)

8. **Regsaksie**
   Die SOS, in samewerking met Solidariteit, oorweeg regsaksie indien skole wat gereed is, verhoed word om vroeër oop te maak, of indien nuwe regulasies of direktiewe gepubliseer word wat strydig is met beheerliggame se reg eie diskresie te gebruik. Onder die bestaande direktiewe het skole steeds die reg om vroeër vir meer grade te heropen en hoef slegs die provinsiale onderwysdepartement daarvan in kennis te stel.

Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) is gerig op die versterking van Afrikaanse onderwys. Die SOS se Wolkskool bied 'n volledige aanlyn kurrikulum vir leerders van Graad 1 - 12, en twaalf verskillende vakverenigings bied professionele ondersteuning aan onderwysers.

Vir alle medianavrae:

012 612 0234
admin@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

SKOLE
ondersteuningsentrum

SARINA PRINSLOO
Skakelbeampte
012 612 0234
072 123 1707
sarina@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za